



# Nuut begeesterde leraars evangeliseer in Guatemala

Wie se werk is dit om gemarginaliseerdes, die uitgeworpenes, diegene wat deur die samelewing en selfs die kerk uitgeskuif word, te bereik? Deur middel van jou skenking lei Harvesters plaaslike en studente-leraars op om hulle geloof deur middel van evangelisasie te deel. Op hulle beurt, rus hulle weer hulle gemeentes toe.

Deur die toepassing van hierdie metodologie word daar vir meer as 20 jaar reeds doeltreffend kerke geplant en dissipels gemaak. Die pandemie het leraars egter hard geslaan en tydens ons onlangse besoek aan Suid-Amerika het ons gevind dat leraars ontmoedig en oorweldig is.

Ons moet dus vir die leraars in Suid-Amerika bid! Baie van hulle is sonder hoop of 'n plan, en sommige het selfs die kerk verlaat. Danksy jou ondersteuning kan Harvesters hulle bystaan en bemoedig.

Ons het onlangs Harvesters se visie en kerkplantingsmetodologie aan leraars in Guatemala voorgelê. Hulle het op hulle knieë geval en gebid vir 'n vars passie vir siele wat verlore gaan en is deur die Heilige Gees besiel met nuwe ywer en inspirasie.

Na 'n tyd van gebed en bemoediging, het die praktiese deel van die seminar gevolg.

Ongeveer 60 leraars is per bus na Guatemala-stad, gereed om hulle evangelisasie-opleiding toe te pas. Sommige met "groot oë" en "vlinders in die maag".

Toegerus met hulpmiddels om die Blye boodskap uit te dra, het die leraars vir markverkopers, trokdrywers en omstanders gepreek.

"Ek het hierdie ervaring geniet omdat alle leraars vergeet hoe om te evangeliseer," sê pastoor Samuel, een van die

deelnemers wie se visie dit is om sy gemeenskap deur middel van kerkplanting te bereik.

"Die enigste manier waarop die kerk kan groei, is deur middel van evangelisasie," vervolg hy, en verwoord daarmee Harvesters se visie vir

kerkplanting. "Die tweede stap is om dissipels te maak. Daarna volg kerkplanting."

Twaalf mense is gered as gevolg van vrymoedige straatprediking! Die leraars is weer begeester en toegerus om te evangeliseer, dissipels te maak en kerke te plant. Bid saam met ons vir die leraars en kerke in Guatemala! ✉

**“ Die geheim van doeltreffende, vreeslose, maar wyse evangelisasie, is opleiding. ”**  
– Francois Rauch, Wêreldwye Direkteur van kerkplanting.

## Ook in hierdie uitgawe:

2

Die jaar in oënskou

4

Waar niemand nog gekom het nie



# Die jaar in oënskou

# Die jaar in oënskou

Soos die wêreld van die pandemie herstel het, het Harvesters 2022 gebruik om die vordering van honderde kerkplantingsnetwerke te evalueer, weer lewe te blaas in dit wat tot stilstand gekom het en dié wat moeg was, te bemoedig. Ons het keer op keer ervaar dat groot getalle kerke nie net floreer nie, maar ook vermenigvuldig. Soos hierdie vrugtevolle jaar na sy einde loop, kyk ons terug op sommige van die ongelooflike gebeurtenisse van die afgelope 12 maande. Al kan ons nie alles dek nie, gee ons 'n kort terugblik op dit wat jou vrygewigheid help bereik het. Dankie!



**Desember 2021** – Leraars in Mianmar het op Kersdag nabygeleë dorpie geëwangeliseer en 10 mense het tot bekering gekom! 'n Maand later het Geopende Deure berig dat Mianmar ongelukkig ses plekke op die Wêreldwaarnemingslys gestyg het en tans die 14de plek beklee van lande waar Christene wat hulle geloof uitleef, die meeste vervolging ervaar.

**Januarie 2022** – Geheime opleiding word in China hervat. Die 100 huiskerkeleiers het ook elk 'n Bybel ontvang. Hulle het berig dat 14 nuwe huiskerke deur middel van evangelisasie geplant is, ten spyte van intense vervolging en monitering.

**Februarie 2022** – Die eerste groep wat die Harvesters-opleiding in Lesotho deurloop het, het gegradueer! Meer as 130 kerke is deur hierdie 65 leraars geplant. Dit is die vrug van die sendeling en Harvesters se leier in Lesotho, Francois Snyman, wat tragies in sy huis tydens 'n inbraak laat in 2021 vermoor is.

**Maart 2022** – Harvesters se kerkplantingsmodel is vir die eerste keer in Yamoussoukro, hoofstad van die Ivoorkus, aangebied. Dit beteken Harvesters lei nou leiers op in drie van die Ivoorkus se grootste en invloedrykste stede. Hierdie 86 leiers is uitgedaag om dadelik te begin ewangeliseer – en 123 mense is gered!

**April 2022** – In Kenia is nagenoeg 150 leiers opgelei. Tans is 702 kerke geplant en die doelwit is om die getal nuwe kerke teen Maart 2023 te verdubbel. Dylan Agoye, Harvesters se leier in Kenia, se visie is om 20 000 kerke teen 2030 in Kenia te plant.



**Mei 2022** – Vir die eerste keer in twee jaar het 'n ses weke lange opleiding reg oor Indië in versengende hitte plaasgevind. Dertien stede is binne 38 dae besoek en in een van die noordelike streke het 1 000 mense sedert ons vorige besoek tot geloof in Christus gekom.



**Junie 2022** – In Suid-Amerika is 30 leraars in Brasilië, 150 leraars in Peru en meer as 200 leraars in Guatemala opgelei. Een groep uit Guatemala het berig dat 39 nuwe kerke ten spyte van die Covid-19-pandemie geplant is. Ons het ook plaaslike leraars wat in die Amasonereënwood saam met ons werk, ontmoet.



**Julie 2022** – Leraars in Egipte het bymekaargekom vir opleiding. Die Kerk in hierdie land het 'n visie om 'n miljoen siele vir Christus te bereik en dit is Harvesters se taak om 1 000 leraars op te lei om dit te verwesenlik.




**Aug 2022** – In Noord-Amerika werk ons onder inheemse Amerikaanse Christene om opleiding te verskaf en ondersteuning te bied om inheemse Amerikaners met die Evangelie te bereik. Ons het die wonderlike geleentheid gehad om die Indian Falls Creek-konferensie in Oklahoma by te woon en ons dissipelskapkursus te deel – 'n byeenkoms van ongeveer 1 500 inheemse Amerikaners.



**Sep 2022** – Harvesters se voetspoor word dwarsdeur Europa afgedruk. Belangrike bande is gesmee om met dissipelskapopleiding in Bulgarye, Roemenië en Serwië te begin. Verder open God die weg om internasionale studente uit Nederland te dissipel. Die visie is om Europa met die Evangelie te deurdring wanneer hierdie studente uiteindelik terugkeer huis toe en self dissipelmakers word.

**Okt 2022** – Meer as 17 000 Bybels is oor die hele Zambië versprei waar meer as 100 nuwe kerke onlangs deur middel van evangelisasie geplant is. Baie mense het vir die eerste keer in hulle lewens 'n Bybel ontvang.

**Nov 2022** – Ons is verheug om Harvesters se nuwe vennootskap met Biblica aan te kondig. Hulle deel ons visie om elke nuutgeplante kerk van Bybels in die plaaslike taal te voorsien! Die projek heet 'Eerste Kerk, Eerste Bybel' en ons weet God sal Sy Woord gebruik om die weg te baan vir die Evangelie om al die uithoeke van die aarde te bereik. 📖



# Waar niemand nog gekom het nie

Hierdie dorpie, weggesteek in die heuwels van Mianmar, is totaal onbereikbaar!

Harvesters rus plaaslike leraars toe met hulpmiddels vir strategiese evangelisasie, en hulle het gekies om die Evangelie na hierdie afgeleë dorpie te bring.

Jy sien, God se kerk groei deur middel van evangelisasie – en evangelisasie is mees doeltreffend wanneer dit verstandig en strategies gedoen word.

Christene wat probeer evangeliseer, veg 'n verbete stryd in hierdie oorwegend Boeddhistiese land. Om die waarheid te sê, Mianmar het in 2022 ses plekke op Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys van lande waar Christene die meeste vervolging ervaar, geklim.

Bid dus asseblief saam met ons vir die gelowiges en leraars in Mianmar. Bid dat die mense in hierdie afgeleë dorpie se harte oop sal wees vir die Blye boodskap van Christus.

Dankie vir jou ondersteuning wat verseker dat dorpie soos hierdie een die Evangelie hoor en mense die geleentheid kry om hulle ewige lewe saam met Christus te verseker. 🙏



## Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- Facebook – [www.facebook.com/harvestersmin](https://www.facebook.com/harvestersmin)
- Instagram – [www.instagram.com/harvestersministries](https://www.instagram.com/harvestersministries)
- YouTube – [www.youtube.com/c/HarvestersMinistries](https://www.youtube.com/c/HarvestersMinistries)
- Twitter – [www.twitter.com/HarvestersMin](https://www.twitter.com/HarvestersMin)
- Website – [www.harvestersministries.com](https://www.harvestersministries.com)

### Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,  
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005  
Verwysing: "NE1122"+[jou naam]


### Meer opsies om te gee:

Visit our website ... om aanlyn te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee



Of volg die qr kode om via **Zapper** of **SnapScan** te gee ...



*Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!*

## Harvesters MINISTRIES

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREGISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**  
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**  
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika ge-pos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

*Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.*

# Opening the Way